



« **Verbeterde doeltreffendheid deur innovasie** »



**VEGGIE
OEMFF®**



Naam:

Veggies OEMFF® Starter, Veggies OEMFF® Grow, Veggies OEMFF® Fruit

Eienskappe (Wat):

'n Fyn, droë hoogs wateroplosbare blaarvoedingsprodukt.

Veggies OEMFF®	g/kg					mg/kg					
	N	P	K	Mg	S	Fe	Mn	Zn	Cu	B	Mo
Starter	147,79	88,86	156,27	13,44	19,42	1607	1339	1236	232	1426	203
Grow	222,03	50,15	128,33	13,46	19,45	1544	1258	1205	231	1370	217
Fruit	81,29	53,36	304,26	13,32	19,24	1611	1299	1221	222	1408	219

Voordele (Hoekom):

- Die drie **Veggies OEMFF®** produkte is so geformuleer dat dit die drie fenologiese stadia van groentegewasse ondersteun en bevorder. **Veggies OEMFF® Starter** is effektief vroeg in die seisoen waar wortelontwikkeling en die vestiging van die jong plant uiters belangrik is. **Veggies OEMFF® Grow** se elementsamestelling is van so aard dat vegetatiewe groei bevorder word, terwyl **Veggies OEMFF® Fruit** in blom en die selvergrotingsfase van vrugte en knolle 'n belangrike rol speel.
- Alle toepaslike mikro-elemente is gecheleer.

Gebruike (Waar):

- Veggies OEMFF®** bevat makro-, sekondêre- en mikro-elemente in 'n verhouding wat spesifiek voordelig vir groente is en kan as algemene aanvulling gebruik word.
- Is uiters geskik waar groente aan stremming soos versuip/droogte, koue/hitte of chemiese stremming blootgestel was.
- Kan onder hoë- of lae grond pH toestande gebruik word waar probleme met mikro-elemente verwag word.

Toediening (Hoe):

Produkt	kg/ha	Tyd van Toediening
Veggies OEMFF® Starter	2kg	Begin 14 dae na opkoms of 7 dae na uitplant. Herhaal 3-4 keer met 10 tot 14 dae intervalle.
Veggies OEMFF® Grow	2kg	Elke 7-14 dae tot begin van blomfase.
Veggies OEMFF® Fruit	2kg	Elke 7-14 dae gedurende blom- en vrugfase.

Gebruike (Waar):

- Dien **Veggies OEMFF®** toe met 'n hoë volume bespuiting om volledige benutting te verseker. Indien lae volume bespuitings gebruik word, moet 'n maksimum konsentrasie van 2% (2 kg/100 l water) nie oorskry word nie.
- Dien **Veggies OEMFF®** vroeg in die oggend of laat in die middag toe om maksimum opname te verseker.
- Moenie **Veggies OEMFF®** toedien by temperature hoër as 30 °C of indien plante verlep is nie. Dit kan veroorsaak dat opname benadeel word en gewasse beskadig word.
- Dit word sterk aanbeveel dat 'n klein hoeveelheid van die bespuitingsmengsel vooraf gemeng word om verenigbaarheid te evalueer.
- Die gebruik van 'n geskikte kleefmiddel word sterk aanbeveel.

Let wel: Blaarvoeding moet in kombinasie en as ondersteuning van 'n bemestingsprogram gebruik word.